

23 Januarie 2022



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za



Hartlike
welkom by
vanoggend
se Erediens!

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens - Ds Pieter Nel

10:00 GVG Ouerontmoeting - in die kerk

10:45 GVG Mentorstoerusting in die Raadsaal (Slegs GVG Mentors)

(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir CLF)

Die "teal" kleur strikkie wat Ds Pieter gedurende Januarie maand sal dra, is ter bewusmaking van vroulike servikale kanker.

Week van Gebed

Tema vir die week:

In verwondering oor die Wonder van die lewe
Aangebied deur Ds Eugene Malan

Sondag 30 Januarie - Donderdag 3 Februarie elke aand om 18:30

Kom word stil en beleef in verwondering die Wonder van ons lewe.
Daar sal ook lekker koffie wees elke aand ...

Program vir die week

Dinsdag: 25 Januarie

08:30 Dagbestuur

Saterdag: 29 Januarie

Kerkradsbeplanning

Gemeente-program begin
weer na Week van Gebed!



079 815 9325



facebook.com/
pehoogland



#hooglandpe



PE Hoogland

Hoogland Dankoffers

Baie, baie dankie vir elkeen se volgehoue ondersteuning met dankoffers. Elke bydrae maak dit vir Hoogland moontlik om haar Geloof deur liefde tot daad te leef en ook die boodskap te verkondig. U is welkom om enige van hierdie metodes te gebruik.



Snap here to pay

SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005



Zapper

Besoekers en/of Nuwe intrekkers & -Lidmate

Indien u 'n nuwe intrekker of -lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Pieter na die diens, voor by die preekstoel.

Neem in die brosjurevakkies 'n *"Nuwe Lidmate"* koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.

Besoek ook Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za >>> EK
WIL..>>>'N LIDMAAT WORD en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Stuur asseblief u Naam & Van na 079 815 9325 en word deel van die Hoogland Whatsapp groep.



Hoogland Jubeljaar: #14

Gee-'n-Kompliment-dag

Gee hierdie week vir iemand wat jou pad kruis 'n opregte kompliment.

Dit is moontlik iemand in jou huis, 'n vriend, dalk 'n kollega, jou kind se GVG mentor of nuwe onderwyser by die skool, die vriendelike karwag, ens.

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE deel vrylik komplimente uit.

GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

Hoogland se *Noodspens & Sopvriestas* is dolleeg. Indien jy kan help sop kook of met 'n donasie vir die Noodspens sal dit baie waardeer word.

Die Noodspens vra tans spesifiek die volgende:

- Koffie (100g blikkies of pakkies) / Tee (52g pakkies)
- Suiker (500g pakkies)
- Kitsop ("*cup-a-soup*")
- Blikkies kos - spaghetti/"*baked beans*"/uie & tamatie smoor/tuna/pilchards vis
- Geurblokkies
- Kits mieliepap (verkieslik 1kg)
- Pakkies "*soup mix*"
- Klein pakkies rys (verkieslik 1kg)
- Pasta en ook 2min Noodles
- Pakkies Imana soya maalvleis asook "*beef cube*" ekstrak blokkies
- Rys (500g pakkies asook 2kg pakke vir die "*healthy soup mix*" pakkies)

Die Hoogland Familie gaan KAMP

1 - 3 April 2022, te INNIKLOOF

Stof af jou tent! Hoogland gaan kamp (14km buite Hankey)

Daar is net plek vir 25 gesinne vir tent/karavaan - kamp.

Daar is ook vier huisies vir families of vriende wat wil deel.

Anders is jy baie welkom om die Saterdag deur te ry en saam met die kamp-familie te kom stap & kuier. Laat weet dadelik vir Leandra as jy wil kom saam kamp!

Gaan loer gerus by www.innikloof.com hoe dit daar lyk en kom kuier saam!

Kostes beloop - Kamp : R100pppn, o/12@R50, o/5 gratis

Huisies : R260pppn, o/12@R130 pppn



Uit die hart...

WAT 'n week! Selfs as jy nie meer kinders in die huis het wat met skool moes begin nie (dalk moes die kleinkinders weer begin), is ek seker jy kon die atmosfeer aanvoel: die verkeer is swaarder; almal jaag; mense raak ongeduldig; dit voel sommer net of ons weer jaag om alles gedoen te kry...

'n Spotprent tekenaar het suksesvol die mensdom in twee tipes opgedeel met 'n skerp illustrasie. Die spotprentjie het twee vroue by 'n waterput voorgestel. Elkeen het 'n emmer gehad om mee water te skep. Die een vrou, wat hartseer en bitter lyk, sê: "Die lewe is verskriklik. My emmer raak binne minute leeg!" Hierop reageer die ander vrou, vol vrede en vreugde: "Ek dink die lewe is wonderlik. Elke keer as die emmer leeg is, kan ek dit net eenvoudig weer vol maak!"

Dankie, Here, dat ek my beker kan volmaak by U!

Dit is mos maar die ou vraag: is die glas half-leeg, of half-vol? Die Psalm-digter bring so bietjie 'n ander perspektief uit Psalm 23: die glas is niks half nie, maar: "...u verfris my kop met olie; **my beker loop oor.**" (Psalm 23:5, 2020-vertaling) Iemand beskryf hierdie beker wat oorloop met die beeld van 'n sterk waterval waar ek my bekertjie onder die water hou: my beker loop oor.

Wanneer dit egter in hierdie jaar voel of jou beker leeg loop, onthou die woorde van Barbara Taylor Brown: "*Only an empty cup can be filled*" Mag God ons leë bekere neem en laat oorloop...oor....en oor....en oor...

Mag ek en jy ook elke keer wanneer ons as geloofsfamilie saamkom, beleef dat God ons bekere kom vol maak en dat ons ook 'n rol speel om mekaar se bekere bietjie aan te vul...

My koffiebeker is nou leeg...